BLOEMFONTEIN BAPTISTE

*Saam groei ons tree vir tree*

# Johannes 2:13-22 Deel 4: Die Reiniging van die Tempel

## Afskop

**Wat het die afgelope week in jou lewe gebeur wat jy graag met jou groep sal wil deel, of waarvoor jy gebed nodig het?**

## Vrae vir Bespreking:

Werk deur al hierdie vrae VOOR julle Kleingroep byeenkoms. Dit help jou voorberei vir julle byeenkoms sodat julle 'n sinvolle bespreking kan hê. Skryf jou antwoorde neer. Julle gaan nie noodwendig al die vrae bespreek nie en ook nie noodwendig dit in die volgorde hanteer nie.

**Bespreek onder mekaar die vraag: "Hoeveel van julle het al die Evangelie van Johannes deur gelees?"**

**In Johannes se Evangelie plaas Johannes die Reiniging van die Tempel aan die begin van Jesus se bediening, maar in al 3 van die ander Evangelies plaas hulle dit aan die einde van Jesus se bediening. Wat is jou oortuiging oor Johannes se motief om dat aan die begin van Jesus se bediening te plaas?**

**Johannes 2:13 sê Johannes dat na Jerusalem toe gegaan het vir die Paasfees. Bespreek hoekom Jesus ook Paasfees gevier het?**

**Bestudeer Johannes 2:15-16 en bespreek die voorbeeld van Jesus teenoor mense wat verkeerd opgetree het in die wil van die Vader?**

__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________

**Hierdie gedeelte word baie regverdig dat omdat Jesus kwaad geword het mag ons ook kwaad word. Dit is nie die waarheid nie. Die vorm van woede wat Jesus hier gehad het was ‘n Heilige ontevredenheid. Dit word gedefinieer as ‘n dringendheid om dit wat God nie eer nie en nie in Sy wil is nie, reg te maak.**

**Die Bybel is baie duidelik oor menslike woede, wat uit selfsugtigheid verwoesting saai. Bestudeer die volgende gedeeltes en bespreek hoe ons te werke gaan om met woede af te handel volgens God se word:**

- Efesiërs 4:25-27
- Matteus 5:22-24
- Galasiërs 5:19-24 – Fits of Anger
- Kolossense 3:5-8
- Jakobus 1:19-21

__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________
______________________________________________________________________________________

**Bestudeer Johannes 2:17 en bepsreek hoe jy verstaan wat “Liefde vir U huis verteer my” beteken. Bestudeer saam met dit Psalm 69:8-9, Romeine 12:11-12 en Revelation 3:19**

__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________

**Bestudeer Johannes 2:18-22 en bespreek op watter manier Jesus verhouding met ons kom verander het deur Sy kruisiging en Opstanding.**

__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________
__________________________________________________________________________________________

## Gebed en Omgee

*Sluit julle tyd af deur gebedsversoeke met mekaar te deel. Indien iemand in die groep kan uithelp met die behoefte of uitdaging is dit goed. Bid saam vir mekaar en vir mekaar se behoeftes waaraan die groep nie verandering kan bring nie.*

**Jy is welkom om van julle groep se gebedsversoeke neer te skryf sodat jy verder deur die week daaroor kan bid:**

---

---

---

## Neem 'n Volgende Stap

*Hierdie gedeelte is vir na julle groepsbyeenkoms sodat jy in jou eie hart kan vasmaak en gehoorsaam kan wees aan wat die Heilige Gees vir jou in julle bespreking openbaar het. Sit 'n tydjie na julle groepstyd uit sodat jy kan nadink oor julle bespreking en tyd saam.*

**As jy terugdink oor julle groepstyd en julle bespreking, wat het vir jou uitgestaan? Wat verstaan jy beter? Wat kan jy met iemand deel? Waaroor moet jy nog bietjie nadink? Wat ervaar jy druk die Heilige Gees op jou hart om in hierdie week te doen? Neem 'n oomblik en dink na oor julle byeenkoms en skryf iets neer wat jy wil vasmaak in jou eie hart.**

---

---